METODISTE KERK VAN SUIDER-AFRIKA
Stellenbosch - Omtrek

JAMESTOWN-GEMEENTE

JAMESTOWN METODISTE KERK, WEBERSVALLEIWEG, JAMESTOWN, STELLENBOSCH 7600

**JAMESTOWN METODISTE GEMEENTE TRUST & FINANSIES KOMMISSIE**

24 Junie 2019

TV3 Projects (PTY) LTD
1st floor, La Gratitude Offices
97 Dorp Street
Stellenbosch
7600

Faksnommer : 021 882 8025
Email : clifford@tv3.co.za

Geagte Mnr. Clifford Heys

**BESWAAR TEEN HERSONERING EN AFWYKINGS: GEDEELTES (LANDBOU-ERWE) 52 & 53 & 54 & 71 IN JAMESTOWN, STELLENBOSCH (NAASLIGGEND AAN LA CLEMENCE RETIREMENT VILLAGE)**

Namens Jamestown Metodiste Kerk/Gemeente

Hiermee teken ons as 'n dekades-lange gevestigde Jamestown Metodiste Kerk en Gemeente hewig beswaar aan teen hierdie HERSONERING EN AFWYKINGS: GEDEELTES (LANDBOU-ERWE) 52 & 53 & 54 & 71 IN JAMESTOWN, STELLENBOSCH (NAASLIGGEND AAN LA CLEMENCE RETIREMENT VILLAGE).
Inteendeel, ons is hewig gekant daarteen en is erg teleurgesteld dat sodanige inisiatief ons dorp moet tref.

Ons kerkgebou is geleë skuins-oorkant genoemde landbou-erwe in Webersvalleiweg, 'n hanetreetjie van die perseel ter sprake.

Ons gemeente/ kerk is baie goed gevestig in ons dorp en feitlik almal ons lidmate is Jamestowners, vandaar dat ons as 'n kerk erg gegrief is met die inisiatief ter sprake, dit onaanvaarbaar vind en dit heftig teenstaan.

Die voorgestelde ontwikkeling op enige erf of erwe in Jamestown gaan beslis afbreuk doen aan die karakter, beeld en gevoel van Jamestown. Die oprigting van hoë digtheid wooneenhede sal verder aan die landelike omgewing afbreuk doen. Dit sal nie 'n positiewe bydrae tot die omgewing lewer nie, aangesien dit die omliggende eiendomme se waardes negatief sal beïnvloed in terme van hoër waardasies en gepaardgaande hoër belastingstariewe vir die groot meerderheid middle inkomste tot laer inkomste gemeenskap.

Die Jamestown gemeenskap het ook geleer uit die verlede: Jamestown is op groot skaal benadeel en ingedoen met vorige ontwikkelings-projekte waar die gemeenskap aan die kortste end trek in terme van hoër waardasies en gepaardgaande hoër belasting. Die plaaslike Jamestown Gemeenskap verloor op verskeie gebiede in terme van bekostigbaarheid van hierdie verhoogde belasting en lewenskostes.

As 'n voorheen benadeelde gemeenskap in die vorige politieke bedeling, het baie van ons voorouers gedwonge verskuiwings in die gesig gestaar. Weens onbekostigbaarheid en hoë belasting tariewe onder andere, staar die huidige en toekomstige nageslagte weereens "gedwonge verskuiwing" in die gesig in die sin dat talle erfhouers geen keuse het of gaan hê as om te verkoop en goedkoper heenkome en opsies te oorweeg nie.

Goedkeuring van hierdie hoë digtheid ontwikkeling op landbougesoneerde grond sal definitief tot presedentskepping lei en sal dus die deur open vir ander opportunistiese ontwikkelaars om op ander erwe in die omgewing ook ontwikkelings met woonstelgeboue op te rig, en dit sal die karakter en dorpsidentiteit van Jamestown in totaliteit sal vernietig,

Ek vertrou u sal hierdie beswaar van 'n gemeenskap wat nie net onder druk is om ons erfenis te verloor nie, maar ook die moontlikheid in die gesig staar om ons eiendom te verloor, met die nodige erns bejeën .

Met dank vir u aandag

Howard A. Gordon

Selfoonnr: 073 421 4010

E-pos: howardgordon53@gmail.com

Jamestown Metodiste Kerk/Gemeente Trust en Finansies Koördineerder en Taakspanleier

Eerw. M Goliath

METODISTE KERK
JAMESTOWN
STELLENBOSCH OMTREK 127